# Die Suid-Afrikaanse Wiskundige Vereniging

Vir vele jare al het die wiskundiges in die die land die behoefte gevoel aan 'n wiskunde vereniging en is daar dan ook van tyd tot tyd met erns gedink aan die moontlikheid om so'n vereniging te stig. Altyd egter was daar die gevoel dat die land nog te min wiskundiges het en dat hulle bowendien op te groot afstande van mekaar verwyder is om so 'n vereniging opdoeltreffende wyse aan die lewe te hou. Mettertyd egter het die posisie verbeter en het die groter stede geleidelik 'n hoër konsentrasie aan wiskundiges begin toon, sodat verlede jaar weer die moontlikhede van 'n vereniging bespreek is en daar 'n vergadering in Pretoria belê is om die gevoelens van die wiskundiges te verneem. Die belangstelling en geesdrif van nie alleenlik die aanwesiges nie, maar ook van diegene wat nie teenwoordig kon wees nie en deur middel van briewe hulle entoesiasme te kenne gegee het, het dit duidelik laat blyk dat die tyd nou wel ryp is vir die stigting van 'n vereniging. So het dan „Die Suid-Afrikaanse Wiskundige Vereniging" tot stand gekom, en sien ons met optimisme sy toekoms tegemoet.

## DIE DOEL

Die hoofdoel van die vereniging sal wees om die suiwer wetenskaplike beoefening van die vak te bevorder. Dit sal gedoen word deur lesings te organiseer waar die wiskundiges die geleentheid sal hê om iets te vertel van hulle eie navorsing in die vak of om moderne ontwikkellinge van die vak toe te lig. Op hierdie manier hoop die vereniging om die wiskundiges in 'n hegter eenheid saam te snoer en iets te wete te kom van elkeen se bedrywighede; iets wat vir die doeltreffende beoefening van enige vakwetenskap deesdae byna onontbeerlik is.

Daarby sal die vereniging hom ook beywer om die onderrig van wiskunde op skole sowel as op die universiteite te bevorder. Uit die besprekings op die stigtingsvergadering het dit duidelik geblyk dat die algemene gevoel is dat die vereniging ook op hierdie terrein veel nuttige werk kan verrig, en daarom word ook wiskunde onderwysers as lede verwelkom en word ook 'n deel van die program ingeruim vir die bespreking van onderwysprobleme.

## ONRUS OOR GEHALTE

Daar heers deesdae 'n taamlik wydverbreide gevoel van onrus oor die gehalte van die skoolonderwys in Suid-Afrika. Wat die onderwys van wiskunde betref, bestaan daar seker nog meer rede tot onrus as in die geval van ander vakke aangesien dit betwyfel kan word of daar enige ander vak is waar daar soveel onvoldoende opgeleide onderwysers in die opleiding ingeskakel is as wat die geval is met die wiskunde. Sonder om op die redes hiervoor in te gaan, hoop die vereniging dat in soverre dit aan die oningeligtheid en gebrek aan geesdrif toegeskryf kan word, die vereniging deur sy werksaamhede hierin verbetering sal aanbring en meer studente aangemoedig sal word om die wiskunde te beoefen.

## PROGRAM

Vir die jaar 1958 stel die Bestuur van die vereniging ten eerste twee

wetenskaplike lesings in vooruitsig. Daarbenewens sal 'n simposium georganiseer word oor die onderrig van wiskunde op hoërskole, waarby 'n aantal sprekers uitgenooi sal word om die besprekings in te lei. Verder is die vereniging ook nog van voorneme om 'n kongres te organiseer waarby daar lesings gehou sal word oor alle aspekte van die vak waarvoor daar belangstelling bestaan.

Vanweë die moeilikhede wat die groot afstande vir lede oplewer om die vergadering by te woon, bestaan daar die gedagte om streekstakke van die vereniging te stig wat dan elkeen afsonderlik sy lesings sal organiseer. As 'n voorlopige reëling egter sal die drie eersgenoemde vergaderings vanjaar almal in die Transvaal gehou word, naamlik in Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom. Die kongres sal vermoedelik in Pietermaritzburg gehou word.

### TYDSKRIF

Behalwe bogenoemde voorgenome bedrywighede van die vereniging, word ook nog die moontlikhede ondersoek om 'n tydskrif die lig te laat sien. Op hierdie stadium is dit nog te vroeg om enigiets mee te deel aangaande die presiese vorm wat so 'n tydskrif sal aanneem, aangesien die Bestuur voel dat dit 'n saak is wat eers baie grondig ondersoek sal moet word alvorens dit aangedurf word.

J. van der Mark